2 Augustus 2021

**Internasionale reise deur die Rektor en Visekanselier**

*'n Sondagkoerant het by die US navraag gedoen oor die kostes verbonde aan die internasionale reise van die US-Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers. Dit is na aanleiding van 'n WBTI (PAIA)-aansoek wat die US in hierdie verband ontvang het. Die US het soos volg gereageer:*

## Kommentaar

Universiteite se finansiële volhoubaarheid word geskoei op drie hoofinkomstestrome: 'n regeringsubsidie, studentegelde en navorsingsbefondsing. Leidinggewende universiteite wêreldwyd maak ook staat op filantropiese en korporatiewe sosiale-verantwoordelikheidskenkings – waarna verwys word as die vyfde inkomstestroom. Die finansiële volhoubaarheid van universiteite hang tot 'n groot mate af van die vermoë van visekanseliers (universiteitshoofde) om geld in te samel.

By die US speel die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, 'n deurslaggewende rol as hoof-fondswerwer – 'n rol wat beide ingewikkeld en veeleisend is. Die rol is nie 'n gawe ekstra nie, maar vorm deel van die Rektor se werksooreenkoms om befondsing plaaslik en internasionaal na die Universiteit te kanaliseer. Daar word van hom verwag om internasionaal te skakel, vergaderings by te woon, aanbiedings te doen en te reis om aan duidelike verwagte uitkomste te voldoen.

Ook word elke besoek en reis met duidelike doelwitte en verwagte uitsette beplan, terwyl goedkeuring vir reise deur die Raadsvoorsitter verleen word. As deel van die proses van prestasiebestuur, word die uitsette en werksprestasie jaarliks deur die Raad beoordeel met die US-Rektor wat jaarliks uitnemend presteer.

Die investering wat die US maak ten einde donateurs, internasionale maatskappye, trusts en oorsese vennote te kan besoek, lewer deurlopend 'n opbrengs wat oor en oor die koste en inset werd is. Danksy prof De Villiers se volgehoue betrokkenheid in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge se skakeling met belanghebbers, was dit moontlik om tussen 2015 en Mei vanjaar R1,7 miljard se filantropiese befondsing in te samel, waarvan 'n driekwart van trusts en stigtings, individue en maatskappye kom.

Ook het die US se internasionale donateurs vanaf 2015 aansienlik gegroei van 13% van alle donateurs tot 19% tans. Die sukses van hierdie belegging deur die US word in perspektief gestel deur 'n ontleding deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek wat daarop wys dat die opbrengs 50 keer die kostes (R6,17 miljoen) is as wat aangegaan is. Boonop toon die Inyathelo-studie oor fondswerwing dat die US se Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge slegs 11 sent bestee vir elke rand wat ingesamel word.

Die impakverslag (aangeheg) van filantropiese fondsinsameling en internasionalisering wat saamgestel is, dui onomwonde die waarde en impak vir die US aan. Wat egter nie bekend is nie, is hoe die ander universiteite en visekanseliers in Suid Afrika presteer met fondswerwing en wat die kostes is wat daaraan gespandeer word om dit moontlik te maak.

Hoewel die opbrengs op belegging dus duidelik kwanitifiseerbaar is, is oorsese besoeke nie net afgestem op fondswerwing nie, maar ook op die vestiging en uitbou van noodsaaklike en strategiese internasionale vennootskappe en netwerke. Benewens die uitruil van akademiese en navorsingskundigheid, bied netwerke en ooreenkomste voordele soos skenkersadvies, vennote wat in adviesrade dien, mentorskaprolle, uitruil van personeel en studente en deelname aan akademiese bedryfsgesprekke.

Sedert 2018 is daar 'n toename in betekenisvolle vennootskappe op institusionele, fakulteits-, en departementele vlak met vennote in Europa, Asië, die Amerikas en ook in die res van Afrika. Ook hier speel die US se Rektor 'n bepalende rol. Waar die US in 2018 deel was van altesaam 250 verskillende tipes vennootskappe, is dit vanjaar 298. Sulke verhoudings word oor jare gevorm, maar die feit dat die US oor die afgelope drie jaar 48 vennootskappe bygekry het, meestal op die vennote se versoek, is geen geringe prestasie nie.

Universiteite wêreldwyd heg baie waarde aan die skep en bevordering van alumni-netwerke. Prof De Villiers was instrumenteel in 'n 100%-groei in die US se getal alumni-nodusse in die buiteland sedert 2015 – van 12 tot 24 in 2021. Behalwe dat dit 'n sterk aanduiding is van agting wat alumni vir hul alma mater het, hou dit groot toekomstige voordeel vir beide alumni en die Universiteit in en verhoog dit veral die waarde van 'n US-kwalifikasie wêreldwyd. Bywoningsyfers van alumni-geleenthede dien as bevestiging: In 2015 het 883 alumni US-geleenthede in die buiteland bygewoon en in 2019 (voordat die COVID-19-pandemie sulke geleenthede onmoontlik gemaak het) het dit vermeerder na 3 518 alumni.

Uiteraard moet gevra word wat met die geld wat ingesamel word, gebeur. Die US het meer as 'n derde van die R1,7 miljard aan beurse en studente-ondersteuning bestee, terwyl ander geld gerig is op onderrig, infrastruktuur, navorsing en sosiale-impakprojekte. Die geld het ook bygedra tot nuwe navorsingsentrums en onderriggeboue op die US-kampusse, terwyl die diversiteit van die US se akademiese en navorsingspersoneel deur strategiese befondsing vergroot kon word.

In pas met die US se visie om 'n leidende navorsingsintensiewe universiteit te wees, het die aantal navorsingleerstoele uitgebrei, waaronder die Ton en Anet Vosloo-leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk in die Departement Afrikaans en Nederlands. Die leerstoel is gemik op die verdere uitbou van Afrikaans as belangrike instrument in diens van die Suid-Afrikaanse gemeenskap as 'n geheel.

**In reaksie op spesifieke vrae:**

Die US se strategiese kalender rig die reisaktiwiteite van die Rektor. Begrotings word hiervoglens bestuur en daarna gemoniteer en geoudit.
Alle reise van die Rektor geskied in oorleg met die Raadsvoorsitter en word deur hom goedgekeur. Waar die Rektor vir fondsinsamelingdoeleindes reis, word dié kostes deur die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge gedra. Ander reiskostes word uit die toegekende bedryfsbegroting hanteer.
Internasionale fondswering is kompleks en vereis hoogs-professionele vaardighede. Uiteraard vereis dit investering van geld, en daarom plaas die US 'n hoë premie op verantwoordelike en doelmatige besteding van geld. Voor enige reis plaasvind, word deeglike navorsing en beplanning gedoen ten einde die meeste waarde moontlik te ontsluit. Alle uitgawes word deur die hoof- uitvoerende beampte of voorsitter van die Raad afgeteken en ook jaarliks geoudit.
Die US wys ook daarop dat die US onder leiding van prof De Villiers op koers is met die verwerkliking van die Universiteit se Visie 2040 – om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees. Sedert 2015 het die Universiteit se internasionaliseringstrategie en wêreldwye fondsinsamelingsinisiatiewe die hoekstene geword van sy strewe om 'n volhoubare, vooruitstrewende hoëronderwysinstelling te wees. Selfs te midde van die COVID-19-pandemie het dit die US in staat gestel om sy akademiese en navorsingsprogramme suksesvol te voltooi en die grondslag te lê vir die suksesse waarna die US sal streef in die post-COVID-era.
Die US sal dus voortgaan om, waar nodig, kostes aan te gaan om dit vir die Rektor moontlik te maak om plaaslik en internasionaal filantropiese fondsinsameling te verhoog, alumni-verhoudings te ontwikkel en alumni-donasies te verhoog, en om die US se internasionaliseringstrategie en -agenda te bevorder – dit is ook deel van sy werkooreenkoms met die Raadsvoorsitter. Dit is noodsaaklik vir 'n wêreldwye erkende universiteit soos die US en aanvaarde praktyk dat dit die verwagting is van rektors oor die wêreld heen.

EINDE